Byeenkoms

Algemene riglyne vir byeenkomste tydens die pandemie

#UnityinAction

Wat is ’n byeenkoms?

’n Byeenkoms verwys na ’n beplande of spontane gebeurtenis, binnenshuis of buitenshuis, met ’n klein getal mense wat deelneem, of ’n groot getal mense wat dit bywoon.

Voorbeelde van byeenkomste, klein of groot, sluit ’n gemeenskapsgebeurtenis, konsert, fees, konferensie, parade, troue of sportbyeenkoms in.

Byeenkomste hou tydens die pandemie risiko’s in vir diegene wat dit bywoon omdat hoe meer dikwels jy byeenkomste en gebeurtenisse bywoon, en hoe langer die tydperke van interaksie is, hoe groter is die potensiële gevaar dat jy met Covid-19 geïnfekteer word en ander infekteer.

www.solidarityfund.co.za

Potensiële risikovlakke (van die Amerikaanse Centres for Disease Control and Prevention)

Laagste risiko

- Slegs-virtuele aktiwiteite, gebeurtenisse en byeenkomste.

Meer risiko



- Kleiner buitenshuise byeenkomste waar individue van verskillende huishoudings ten minste 1,5 m uitmekaar bly, 'n masker dra, nie voorwerpe deel nie en uit dieselfde plaaslike omgewing (byvoorbeeld 'n gemeenskap, dorp of stad) kom.

Hoër risiko

- Mediumgrootte in-persoonbyeenkomste wat georganiseer/uitgelê is om individue toe te laat om ten minste 1,5 m uitmekaar te bly, sommige dra 'n masker en kom van buite die plaaslike omgewing (byvoorbeeld 'n gemeenskap, dorp of stad).

Hoogste risiko

- Groot binnenshuise in-persoonbyeenkomste waar dit moeilik is vir individue om ten minste 1,5 m uitmekaar te bly, nie maskers dra nie en daar min ventilasie is.

Beskerm jouself by alle soorte byeenkomste:

- Dra 'n masker wat jou neus en mond bedek.

- Handhaaf sosiale afstand.

- Handhaaf behoorlike ventilasie.

- Ontsmet of was hande dikwels.

Bestuur byeenkomste om die risiko van infeksies of die skep van superverspreidergeleenthede te beperk

- Eienaars of operateurs van binnenshuise of buitenshuise geriewe waar byeenkomste plaasvind, moet 'n sertifikaat van okkupasie vertoon wat die maksimum getal mense aandui wat in die gerief mag wees.

- Onder vlak 1 van die Covid-19-regulasies word geloofsgebaseerde, godsdienstige, sosiale, politieke en kulturele byeenkomste toegelaat, maar 'n maksimum van slegs 100 mense mag in binnenshuise venues byeenkom.

- In buitenshuise venues kan die getal mense wat 'n geleentheid bywoon, verhoog word tot 250 as sosiale distansiëring gehandhaaf kan word.



- By buitenshuise gebeurtenisse in kleiner ruimtes kan slegs 50% van die kapasiteit gebruik word.

- Mense mag na hulle werkplek toe gaan solank as wat alle Covid-19-protokolle nagekom word.

Byeenkomste by hotelle, lodges, B&B's, tyddeeloorde en gastehuise

- Alle kamers by hierdie geriewe mag beset word, maar kliënte moet in gemeenskaplike gebiede 1,5 meter van mekaar wees.

- 'n Maksimum van slegs 100 mense kan 'n konferensievenue gebruik, en tot 250 persone by buitenshuise venues.

Byeenkomste in supermarkte, winkels, kruidenierswinkels, varsproduktemarkte en apteke:

- As die venues te klein is om die getal mense te akkommodeer wat toegelaat word (100 mense), mag slegs 50% van die kapasiteit van die lokaal gebruik word.

- Die maksimum getal van 100 mense moet kliënte en werknemers insluit, wat alle Covid-19-veiligheidsmaatreëls moet nakom.

Byeenkomste by sportaktiwiteite

- Slegs joernaliste, radio- en televisiespanne, sekuriteitspersoneel, nood- mediese dienste en die nodige werknemers wat in diens van die eienaars van die venue is, mag toegang tot die sportgebeurtenis gegee word.

- Slegs die vereiste getal spelers, wedstrydbeamptes, ondersteuningspersoneel en mediese personeel wat vir die sportgebeurtenis nodig is, word by die venue toegelaat.

- Geen toeskouers word by die venue toegelaat nie.

- Internasionale sportgebeurtenisse waarby lande met 'n lae of medium Covid-19-infeksie en oordragkoers betrokke is, word toegelaat.

- Waar 'n byeenkoms plaasvind wat die regulasies oortree, moet 'n toepassingsbeampte:
  - die persone by die byeenkoms opdrag gee om onmiddellik uitmekaar te gaan; en
  - as die persone weier om uitmekaar te gaan, toepaslike stappe doen. Dit kan, onderhewig aan die Strafproseswet, die arrestasie en aanhouding van enige persoon by die byeenkoms insluit.

Begrafnisse

Sedert 1 Maart 2021 is die volgende riglyne van toepassing:

- Slegs 100 mense of minder mag 'n begrafnis bywoon.

- As die lokaal te klein is vir 100 mense, mag slegs 50% van die lokaal se kapasiteit gebruik word.

- Almal wat die begrafnis bywoon, moet maskers dra en 'n afstand van 1,5 meter van mekaar handhaaf.

- Nagwake word nie toegelaat nie.

- Roubeklaers mag nie byeenkomste ná die begrafnis bywoon nie.

- 'n Begrafnis word tot twee uur beperk.

Inisiasiepraktyke

Hierdie belangrike kulturele gebeurtenisse word slegs onder de volgende voorwaardes toegelaat:



- Ná-inisiasievieringe ("imigidi") word toegelaat, maar tot 100 mense of minder beperk vir binnenshuise venues.

- 'n Maksimum van slegs 250 mense kan buitenshuise gebeurtenisse bywoon as sosiale distansiëring van 1,5 meter gehandhaaf kan word.

- As die lokaal te klein is vir 100 mense, mag slegs 50% van die lokaal se kapasiteit gebruik word.

- As die buitenshuise venue te klein is om mense toe te laat om 1,5 meter uit mekaar te wees, mag slegs 50% van die ruimte gebruik word.

Verwysing

https://www.gov.za/documents/disaster-management-act-regulations-alert-level-1-during-coronavirus-covid-19-lockdown-18